

VOERMOL WINSLEKKONSENTRAAT

Klas: Proteïen-, Mineraal- en Spoormineraalkonsentraat vir Herkouers

VOERMOL WINSLEKKONSENTRAAT is 'n lekkonsentraat vir die meng van 'n goeie kwaliteit onderhoud- of produksielek as aanvulling tot enige tipe droë weiding (bv. droë natuurlike grasveld, Karoo-bossies en gemengde veld asook oesreste) om die benutting daarvan te verbeter:

- gemeng met sout gee dit 'n goeie kwaliteit proteïen en energierike onderhoudslek wat massaverlies op droë weiding beperk;
- gemeng met grane en sout gee dit 'n produksielek met goeie kwaliteit natuurlike proteïen en 'n hoë energie-inhoud wat massatoename op droë weiding verhoog;
- is melassegebaseer wat verseker dat dit nie wegwaai nie en dit bevorder ook smaaklikheid;
- bevat ureum wat in melasse opgelos is en dus die gevaar van ureumvergiftiging verlaag;
- voorsien ureum en deurvloeioproteïen wat onderskeidelik ammoniak en aminosure verskaf en die groei van die rumenmikro-organismes stimuleer waardeur die verteerbaarheid en inname van droë weiding bevorder word;
- voorsien proteïen wat eetlus stimuleer en dus selektiewe beweiding verminder waardeur die benutting van onsmaklike droë weiding verbeter word;
- bevat voldoende swawel wat die omsetting van ureumstikstof na proteïen in die grootpens bevorder en dus doeltreffende benutting van ureum en ander nie-proteïenstikstofbronne verseker;
- voorsien 'n matige vlak van natuurlike proteïen (deurvloeioproteïen) wat weidingsinname stimuleer en dus produksie bevorder;
- is ryk aan kalium wat help om droë galsiekte op droë weiding te voorkom;
- voorsien 'n hoë vlak van spoorelemente in die regte verhouding om die diere se spoorelementstatus op te bou wat die eetlus stimuleer, produksie en reproduksie bevorder asook die diere se immuniteit verhoog;
- voorsien Vitamien A wat beperkend is in droë weidings;
- bevat geen medikamente of produkte van dierlike oorsprong nie en is dus geskik vir die produksie van natuurlik geproduseerde vleis (bv. Natuurlike Skaap en Bees) en
- **Winslekkonsentraatmengsels is lekke en nie volvoere nie en daarom moet voldoende ruvoer in die vorm van droë weiding, hooi of strooi altyd *ad lib.* beskikbaar wees.**

Onderhoud- en Produksielekmengsels van **Voermol Winslekkonsentraat** het ten doel om koste-doeltreffende produksie van vleis, wol en vesel te verseker.



VOERMOL

SAMESTELLING VAN VOERMOL WINSLEKKONSENTRAAT

REG NR V17865 (Wet 36/1947) N-FF 1777

(g/kg)

(mg/kg)

Ruproteïen*	(min)	350	Mangaan	320
Ureum	(maks)	90	Koper	30
Ruvesel	(maks)	120	Kobalt	5
Vog	(maks)	160	Yster	150
Kalsium	(min/maks)	10/13	Jodium	8
Fosfor	(min)	3.6	Sink	400
Magnesium	(min)	6	Selenium	2
Swael	(min)	7	Vitamien A (IE/kg)	15 600
*74.7 % afkomstig vanaf NPN				

Verpakking – 50 kg

L.W. Voermol Winslekkonsentraat bevat NPN-bronne en moet streng volgens die gebruikaanwysings gemeng en gevoer word. Sien ureumwaarskuwing

MENGINSTRUKSIES

Meng **Voermol Winslekkonsentraat** met sout, volgens onderstaande instruksies, om 'n **Onderhoudslek**, en met sout en grane om 'n **Produksielek** te kry. Lekiname sal beïnvloed word deur die tipe, gehalte en hoeveelheid van die beskikbare droë weiding, fisiologiese status asook die kondisie van die diere en die soutinhoud van die drinkwater en weiding.

MENGINSTRUKSIES (kg)		
	Onderhoudslek	Produksielek
Voermol Winslekkonsentraat	250	500
Gemaalde mielies of heel kleingrane	–	350
Sout	100	150
Totaal	350	1 000

SAMESTELLING VAN LEKMENGSELS (g/kg)

Ruproteïen	(min)	250	203
Ureum	(maks)	64.3	45
Kalsium	(min/maks)	7.1/9.3	5/6.6
Fosfor	(min)	2.6	2.7
Proteïen afkomstig van NPN		*74.7 %	*66.3 %

AANBEVOLE INNAME (g/dier/dag)

Skape en bokke	100 – 180	250 – 500
Beeste	600 – 800	1500

**VOERMOL**

L.W. Voermol Winslekkonsentraat moet nie ongemeng aan diere gevoer word nie!

VOEDINGSINSTRUKSIES

Voer Winslekmengsels in lekbakke aan diere wat droë weiding bewei. Die **Onderhoudslekmengsel** is veral geskik vir droë skape en bokke asook ooie gedurende die eerste drie maande van dragtigheid (d.i. vroeë en middragtigheid) solank voldoende droë weiding beskikbaar is. Vleisbeeste op volop droë weiding sal baie baat by die **Onderhoudslekmengsel** weens die inname van 'n matige hoeveelheid deurvloeioproteïen wat produksie en reproduksie bevorder.

Die **Produksielekmengsel** moet aan droë skape en bokke asook ooie gedurende die eerste drie maande van dragtigheid op droë weiding gevoer word indien hulle kondisie nie na wense is nie of as hulle begin massa verloor wanneer die droë weiding se gehalte en/of hoeveelheid begin afneem. Die **Produksielekmengsel** is uiters geskik om massaverlies na kalwing te voorkom of om die uitgroei van vervangingsooie en -verse te bevorder. Die **Produksielekmengsel** kan ook as 'n prikkellek vir beide ooie en koeie op droë weiding gebruik word. Die **Produksielekmengsel** kan ook dien as 'n proteïen- en energie-aanvulling tot hooi waar die beskikbare weiding onvoldoende is.

ALTERNATIEWE GEBRUIKE

Op **goeie kwaliteit, volop droë weiding** met 'n redelike proteïeninhoud (meer as 9 % proteïen) soos byvoorbeeld Karoobossies en Gemengde Karooveld kan die **Winslek Produksielekmengsel** vir **laatdragtige ooie met enkelingfetusse** en **ooie wat enkelinge soog** gevoer word. Op droë weiding met 'n proteïeninhoud van minder as 9 % (bv. droë natuurlike grasveld en graanstoppellande) moet egter vir hierdie klas diere een van **Voermol** se **Maxiwollekke** gevoer word.

Op **goeie kwaliteit, volop droë weiding** met 'n redelike proteïeninhoud (meer as 9 % proteïen) kan die **Winslek Produksielekmengsel** vir **laatdragtige ooie met tweelingfetusse vanaf agt weke tot vier weke voor lam** gevoer word. Vanaf **vier weke voor lam** tot agt weke na lam moet die **Winslek Produksielekmengsel** verander word deur ekstra deurvloeioproteïen by te voeg (bv. 250 kg **Winslekkonsentraat** + 400 kg gemaalde mielies of heel kleingrane + 250 kg **Voermol Procon 33** + 100 kg sout) of een van **Voermol** se **Maxiwollekke** moet vir hierdie klas diere vir hierdie tydperk gevoer word. Vanaf agt weke na lam kan die oorspronklike **Winslek Produksielekmengsel** weer vir ooie wat tweeling soog, gevoer word, mits **goeie kwaliteit, volop droë weiding** steeds beskikbaar is.



VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voeriname voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL